# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Dissiplines van 'n heilige lewe: (3) Voortdurende gebed

**Skriflesing:**
Matteus 7:7-11 (1983)

**Teksvers**:
Matteus 7:7-11

**Sing:**
Sb 15-1:1,2,3,4
Ps 51:1,4
Ps 123:1,2,3
Sb 10-2:1
Sb 14-3:2,3,4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Om in 'n verhouding met die Almagtige te staan is natuurlik een massiewe groot voorreg. Net die feit dat Hy Homself aan ons bekend maak is al 'n bonatuurlike wonder. Dat ons Hom mag leer KEN en dat Hy deur ons *geKEN* wíl wees is een en al genade. Daarom moet ons gereeld bid.

Dis nie net 'n voorreg nie. Dit is ook 'n opdrag van God. Ons teks bied 'n reeks van drie bevele (imperatiewe) rakende gebed.

God wil dat ons met geestelike dissipline in gebed *volhard* en so hierdie intieme verhouding (verbond) van Vader en kind onderhou en uitleef.

**SONDAGAAND 18:00**

## Elke môre Nuut

**Skriflesing:**
Klaagliedere 3:1-33 (2020)

**Teksvers**:
Klaagliedere 3:21-23

**Sing:**
Ps 89:1
Ps 42:1,5
Sb 8-1:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Daar is daaglikse aanvegtinge wat ons gedurig moet oorkom. Soos Jeremia kan ons soms geweldig moedeloos en uitgeput raak, en opgee in die lewe.

As ons op eie kragte moet steun, sal ons maklik verval in totale mislukking, soos Jesaja vermeld, selfs jong manne struikel en val in hulle fleur. Ons vertroue moet egter nie in onsself wees nie, maar in ons Maker. Daarin vind Jeremia hoop. Nie in sy eie behoud nie, maar in God se getrouheid. Dit is elke môre nuut!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49** **Nr 34** **20 Okt 2024**


## Vergenoegdheid Josua17:14-18

(Tevredenheid)/*Contentment*)

Die gelese paragraaf gaan oor die families van Josef, die stamme van Manasse en Efraim, wat ONTEVREDE is met hulle lot.

Josua moet die land verdeel en doen deur loting. Deur die gooi van die lot het die Here bepaal wat elke stam moet kry. Die nakomelinge van Josef is egter nie tevrede met hulle lot nie. Hulle kom kla by Josua.

Ons ken mos die spul Israeliete van ouds. Kerm en kla was hulle gewoonte.

Oppad uit Egipte, nog voor die deurtog deur die Rooisee, as die Farao hulle agtervolg, kla hulle alreeds. Deur die woestyn verlang hulle terug na die vleispotte van Egipte... en dan ken u die episodes met die kwartels en die waters van Meriba.

Manasse en Efraim kla dat hulle nie genoeg grond gekry het nie. En heel vroom ook nog... "*Ons is baie mense, want die Here het ons besonderlik geseën*". (14)

Let nou goed op: Hulle kla eintlik teenoor die Here.

Josua moes mos deur loting (werp van die lot) die land verdeel. So het die Here bepaal wat elkeen kry. Hulle is dus eintlik ONTEVREDE met God se besluit en toekenning.

As ons nou so bietjie navorsing doen kom ons agter dat hierdie stamme nie regtig rede gehad het om te kla nie. Met die 2de Sensus, Moses se tyd (Num 26), sien ons dat hierdie Josef-stam (Efraim en Manasse saam) wel die grootste stam in Israel gevorm het. Die halwe Manasse-stam het egter Oos van die Jordaan reeds grond gekry. As ons dan die helfte van Manasse aftrek van die totale getal, vind ons dat die oorblywende Efraim en Manasse selfs minder in getal was as die kleinste stamme van Juda en Dan en Issaskar! Hulle het dus 'n tweede deel ook gekry - Oos van die Jordaan! Daarom was hulle dus nou nie geregtig op meer as één werping van die lot nie! Hulle vroom praatjies was dus nie heeltemal so waar nie!

Ja, so ken ons die mens! Ons sal selfs teenoor die Here loop en kla!

Laat ons versigtig wees in ons gebede en in ons klagtes dat ons die Here wat ons alles uit genade gegee het, nie beledig en loop en verkla en aankla nie. Gebruik dit wat Hy jou gee tot die beste van jou vermoë en dank Hom in alles altyd vir sy genade! Sluit gereeld u gebed af met dié woorde van Jesus: "*Nie my wil nie, maar laat U wil geskied*".

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

**Die nuwe lewe in Christus!**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 23, Ps 107:1 Volgende week: Les 24, Ps 107:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Petrus loop op die water, Ps 33 Volgende week: Die Wyse en Dwase Manne, Ps 33

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Bybelverspreiding** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **EVK-projekte** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr
stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



"Dink daaraan:
wie karig saai,
sal karig oes;
en wie volop saai,
sal volop oes."
2 Kor. 9:6

*Baie geluk aan ds Maarten wat 25 Okt verjaar. Ons nooi almal om na afloop van die oggenddiens saam te kuier op die stoep.*

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**20 Okt**
Magda vd Schyff A3
Thereza Myburgh B1
Madelein van Zyl C9

**27 Okt**
Christine Strydom A4
Petra Terblanché B2
Lené vd Walt C8

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Nov 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

Aansoeke sluit **21 Okt 2024**


**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Drieslaapkamerhuis te huur** in Celtisdal. 1km vanaf Laerskool Wierdapark. Beskikbaar vanaf Nov/Des 2024. Charlotte Fourie 0834099080.

**Voetversorging** – eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur van hake, ligte voetmassering, knip en verf naels. Dames en mans R220, pensionarisse R170. Ansie Kruger 072 063 1062 te La Vie Aftree-oord.

**Meenthuis te huur** in rustige kompleks, Doringkloof. 3 sk, 2 bk, toegeboude stoep, dubbel motorhuis, gevestigde tuin met volledige solarstelsel. Geen troeteldiere. Beskikbaar vanaf Nov/Des 2024. Nelly Silvis 082 921 4904



Gereformeerde Kerk Centurion

Sondag, **10 November, 2024**

**16:30 – Dinosourusse en die Bybel**

Pieter le Roux – CMI spreker

Nooi jou familie en vriende!



## Eljada Huis se spens is leeg!

Die afgelope tyd het die donasies van onbederfbare voedsel baie afgeneem. Die gevolg is dat kos aangekoop moet word om die gesinne elke dag te voed. Dit is 'n groot uitgawe om tans 20 gesinne (51 mense) daagliks van basiese middele te voorsien. Dink asseblief aan Eljada Huis as julle inkopies gaan doen. 'n Ekstra blikkie vis of groente kan help!

Die 13de Desember sluit Eljada Huis vir die feesseisoen en dan moet die gesinne genoeg kos hê vir daardie tyd, dus het hulle ekstra voorrade nodig! 'n Goeie geskenk vir hulle is enige vorm van onbederfbare kos. Indien elke gesin iets in die trollie by die Olyfboom plaas op 'n Sondagoggend, maak ons baie harte bly!!

Baie dankie vir almal se volgehoue bydraes!! Dit word opreg waardeer!! Kyk na hulle nuusbrief op die kennisgewingbord.

Liesje Kuperus 083 481 1160

## GTA – Tieners en Gesinne

Boskopdam – Seilnaweek



**5-8 Desember 2024**

Kontak ds Maarten
**voor 27 Okt**
indien jy wil saamgaan






# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20 Okt | Cornel | Heystek | C09 | 27721584590 |
| | Jaco | Maré | C15 | 27790673656 |
| 21 Okt | Bella | Landsberg | C06 | 27828431707 |
| | Elmari | Vercueil | E01 | 27825612682 |
| 22 Okt | Danie | Rebel | A01 | 27825715397 |
| | Gerard | van Rooy | C04 | 27718608595 |
| 23 Okt | Annelette | Gentle | B01 | 27824646893 |
| | Sarel | Pretorius | B12 | 27842065083 |
| | Paul | Steyn | A05 | 27828827976 |
| | Anton | vd Bijl | C04 | 27832916855 |
| | Johan | van Dyk | A14 | 27825769294 |
| | Nicholas | Wilson | E01 | 27849010109 |
| 24 Okt | Marietjie | Croukamp | A06 | 27832507519 |
| | Frikkie | van Biljon | A16 | 27729954488 |
| 25 Okt | Franciska | Buys | B11 | 27826667779 |
| | Alta | Jv Rensburg | C03 | 27825776201 |
| | Heleen | Jv Vuuren | B09 | 27837119263 |
| | Karin | Myburgh | A04 | 27824524952 |
| | Johan | vd Meer | B14 | 27737346018 |
| | Maarten | van Helden | C15 | 27721431855 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20 Okt | Aurora | Rousseau | B12 | 27849523386 |
| 23 Okt | Gerick | Maritz | A08 | 27833483056 |
| 25 Okt | Cara | Brits | B15 | 27827821416 |
| 26 Okt | Adriaan | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| | Chanel | van Niekerk | A09 | 27814546588 |

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/
Passage: Matt 7:7-11
Rev Maarten van Helden

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Thea Smit sterk aan na 'n heupoperasie (A14—651 1789).
- Nannie du Plessis sterk aan in Unitas hospitaal (B18—653 1578).
- **Meelewing** word betuig met Tjaart vd Walt en gesin asook Johan en Ina Wiegand en Annamarie van Wyk en families, na die afsterwe van Louisa. Begrafnisreëlings sal later bekend gemaak word.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Gemeentevergadering

Op **Sondag, 27 Oktober** word 'n gemeentevergadering gehou voor die oggend-erediens waarby die beplanning van 2025 aan die lidmate deurgegee gaan word.

## Hervormingsondag



27 Oktober 2024

Gesamentlike aanddiens

om 18:00

Die program sluit samesang tot eer van God in.

Almal welkom!!